# 5 FebruarieJesaja 6:1-13 (1953-vert.) HK, Sondag 1

## *Daar is geen ware troos sonder dankbaarheid nie*

Verlossing van sonde maak jou dankbaar. Alleen as jy jou sonde besef en jou verlossing besef, is jy dankbaar. Dan leef jy dankbaar. God se heiligheid het Jesaja onder die besef van sy sonde en onreinheid gebring. Die versoening van sy sondes het egter groot dankbaarheid by hom gebring. As die Here vra (vers 8): Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? bied Jesaja homself aan: "Hier is ek, stuur my". Die dankbaarheid vir die verlossing bring hom tot reaksie. Hy sal uit dankbaarheid vir sy redding die opdrag van die Here gaan uitvoer. Hy het nou sekerheid van sy verlossing gehad. Hy kon nou uitgaan met 'n oproep tot bekering aan die volk. As hy nie sekerheid van sy verlossing gehad het nie sou sy sonde hom laat terugdeins het vir die taak. Nou weet hy egter - God is genadig; Hy verlos. Hy kan met vrymoedigheid gaan. Hoeveel van ons dankbaarheid bring ons so ver om vir die Here te sê: Hier is ek, stuur my. Ons deins eerder terug. Ons is dikwels te skaam vir die Evangelie. Ons is te bang dat beskikbaarheid in diens van die Here my kosbare tyd in beslag sal neem en dat opoffering vir die Evangelie die gemaklike gang van my lewe sal verbreek.

Maar ons moet weet - God vra dankbaarheid vir die verlossing in Christus. Ons moet altyd bereid wees om sy opdragte uit te voer. En ons moet weet: Sonder dankbaarheid is daar geen ware troos vir ons in lewe en sterwe nie.

Sing: Psalm 145:1,12 Ds. C.J.J. Putter (Koedoesrand)